

Inhoud hierdie preek wys op die verskil van, om God die Vader te bid dat Hy sy Gebooie in die hemel en op die aarde deur Christus dieselfde sal laat werk, dat Christus ons liefde vir God sal reg en volkome laat wees, en om God te vra om as agente te kan optree waardeur Hy sy planne en besluite as God in die hemel deur mense op die aarde sal uitvoer. Die Vader laat sy Tien Gebooie deur Christus geskied, in hemel en op aarde. Geestelikes stel nie belang in gehoorsaamheid aan God volgens die Tien Gebooie nie. Hulle wil mense wees waardeur God sy voorsienige planne en besluite op die aarde uitvoer. Op hierdie wyse maak hulle hul self God se agentskappe en agente, instellings en mense wat God se besluite en planne op aarde namens God bedryf, en gelowiges niks anders nie as God se kliëntebasis. Wie glo dat God sy wil deur hulle op aarde uitvoer, het die hemel en aarde Christusloos gemaak. Wie glo dat Christus die Vader se Gebooie laat geskied in hemel en op aarde, leef met geloofsgehoorsaamheid aan God.

Skriflesing Mat. 6: 9 – 10; Mat. 5: 17 – 20, 48; 28: 16 – 18, 20. Rom.8: 31- 39

Teks Mat. 6: 10 b. “Laat U wil geskied, soos in die hemel, so ook op die aarde.”

Tema Christus laat ons gehoorsaamheid vir God in die hemel en op die aarde volkome wees

1. Hierdie derde bede tot God is ook die wyse waarop ons Jesus Christus as Here en God aanbid, soos die dissipels Hom aanbid het toe hulle Hom as Here ontmoet het, na Hy as mens uit die dood uit opgestaan het en na die hemel toe opgevaar het.

Ons bid die Vader dat Hy sy Tien Gebooie deur Christus op aarde sal laat geskied, net soos in hemel waar Hy aan die regterhand van die Vader sit. Die wyse waarop die Vader sy wil in die hemel en op die aarde laat geskied is deur sy seun Jesus Christus. Daarom bid ons in hierdie bede dat Christus ons op aarde net so gehoorsaam sal wees as hoe Christus ons vir God in die hemel sy gehoorsame kinders laat wees. Ons bid dus dat Christus met ons en die Tien Gebooie presies dieselfde op aarde sal doen, as wat Hy met ons en die Tien Gebooie in die hemel doen.

Hierdie bede: “Laat U wil geskied”, kan nooit mense aansoek by God wees dat Hy deur ons as mense hier op aarde sy wil sal laat geskied soos Hy dit self in die hemel laat geskied nie.

2. Dit is die gewone wyse waarop mense hierdie bede bid: “Laat dit wat U in die hemel beplan en besluit deur ons hier op aarde gebeur”, dit beteken “Gebruik ons hier op aarde om alles wat U absoluut en soewerein in die hemel besluit, deur ons hier op die aarde te doen”, “Ons is tot U beskikking om alles wat U op aarde wil laat

Christus laat ons gehoorsaamheid vir God in die hemel en op die aarde volkome wees

gebeur deur ons te kan laat gebeur, net soos wat U dit in die hemel soewerein beplan en absoluut besluit het.”

Dit is die verskil om hierdie woorde as 'n gebed tot God te rig of met hierdie woorde by God aansoek te doen vir 'n agentskap op aarde vir sy planne en besluite in die hemel. Wanneer ons God die Vader vra dat Christus ons op aarde net so gehoorsaam sal wees, as hoe Christus ons vir God in die hemel sy gehoorsame kinders laat wees, is dit 'n gebed. Wanneer ons aan God die versoek rig wat Hy in die hemel beplan en besluit deur ons as sy agente en makelaars op aarde sal uitvoer, is die 'n aansoek by God om sy agentskap op aarde te wees.

Dan werk God soos 'n groot franchise-houer, in Afrikaanse 'n konsessiehouer of agentskap soos Spur of Wimpy. Die konsessiehouer is daarbo, maar die agentskappe bedryf die konsessie orals in die land.

Die een wyse is 'n bede van kinders van die Vader van Christus om gehoorsaamheid en die ander 'n aansoek om as God se agente en makelaars sy voorsienige beskikking van sy skepping op aarde uit te voer.

2. Die sleutel wat die verskil tussen hierdie twee maniere om God te nader, in gebed as kind of as aansoek vir en aanmelding as agent en makelaar, is wat ons bedoel met “wat in die hemel is”.

Die gebed “Ons Vader” begin om God die Vader as Christus se Vader wat in die hemel is aan te roep.

Weereens mag ons dit nooit sien as die “plek daarbo” nie. Dan verval ons in al die absurditeite van hoe mense die kosmos en die planeet aarde sien, en waar bo en onder is op die planeet, in die sonnestelsel, melkweg of galaksie.

Met die uitdrukking “in die hemel” word gewys dat God in Homself, deur Homself en tot Homself God is, en nie net God is in en deur sy skepping nie. In Homself is God wie Hy as God is soos Hy God is. Dit is hoe God Hom reeds aan Moses geopenbaar het: “Toe het God vir Moses gesê: “Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Ek is’, het my na julle toe gestuur.”Ex. 3:14.

God is wat Hy is, uit Homself, deur Homself en tot Homself en dit is nie net iets wat Hy deur sy skepping is nie. Dit is net hoe as God God is.

3. Wanneer Jesus Christus dan in Matteus 28 aan sy dissipels verskyn, aanbid hulle Hom as Here. Here beteken dat hulle Hom aanbid as die God wat is wat Hy is, in Homself, deur Homself en tot Homself soos in Ex. 3:14 openbaar. In Matteus 28 aanbid die dissipels Christus as die Here van Exodus 3:14.

Christus laat ons gehoorsaamheid vir God in die hemel en op die aarde volkome wees

Dit is totaal iets anders as om aan Jesus as mens goddelike eer te gee. Jesus as mens is nie goddelik soos al die afgode wat mense maak goddelik is nie. Om as mens goddelik te wees, beteken om as mens soos God te wees. Jesus is nie as mens, soos God nie.

Christus is hoe God God is in Homself, deur Homself en tot Homself. Dit is die besondere van die aankondiging van Christus in die laaste sin van Matteus: “En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.”

Christus kan nie as 'n goddelike mens met ons wees nie. As Hy 'n goddelike mens sou gewees het, dan moes Hy 'n goddelike mens vandag in die hemel “iewers daarbo” gewees het. Dit is hoe mense dit in hul ongeloof in Christus glo: Jesus is 'n goddelike mens “iewers daarbo” maar gelukkig het Hy God se goddelike Gees by ons gelos.

Dit is glad nie wat die Here in Matteus 28: 20 aankondig nie. Wanneer Christus as Here aankondig dat Hy God met ons is, dan beteken dit dan dat Hy God is wat in Homself, deur Homself en tot Homself God is. Só is God met ons, as God wat in Homself, deur Homself en tot Homself ook mens is in ons plek. Dit is presies hoe die apostel Johannes Christus as Here en God aankondig in die sin: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. ... En die Woord het mens geword en onder ons kom woon.”

Hoe Christus mens vir ons in en by God is, is hoe Christus ons vir God sy gehoorsame kinders op aarde laat wees!

4. Dit is totaal iets anders as om te bid sy absolute soewereine mag in die hemel, sy totalitêre mag op aarde sal maak.

Wanneer ons só bid is die “hemel daarbo” die absolute en soewereine mag van God waarmee Hy alles volgens sy wil laat gebeur. Dit is die wil waardeur God alles wat Hy wil laat gebeur. Die wil waardeur Hy die skepping laat werk soos wat Hy dit wil laat werk; die wil waardeur Hy besluit oor reën en droogte, oor hitte en koue, oor die opkoms en ondergang van nasies op aarde; oor die welvaart en armoede soos Hy dit beskik; oor siekte en gesondheid soos God dit laat gebeur; oor vrede en oorloë – soos God dit beskik.

Wanneer ons met hierdie magsopvatting in ons gemoed bid, dat beteken dit dat ons erken dat God in sy hemel daarbo sy absolute en soewereine wil in Homself, deur Homself en tot Homself laat geskied, maar dat dit hier onder op die aarde anders werk.

Hier onder op die aarde moet God sy wil deur ons wat vir Hom agentskappe bedryf, laat geskied. In die hemel daarbo kan Hy, deur en tot Homself absoluut en

Christus laat ons gehoorsaamheid vir God in die hemel en op die aarde volkome wees

soewerein wees, maar hier onder op die aarde moet Hy deur ons wat sy agente en makelaars is, absoluut en soewerein sy besluite uitvoer.

5. Wat is fout met hierdie manier om jouself in gebed God se agent en agentskap te maak vir sy wil op aarde?

Dit is 'n Christuslose hemel en aarde!

In die hemel is God absoluut en soewerein in Homself en op aarde moet Hy dit deur ons wees wat as sy agente aanmeld! Waar is Christus? Wat maak Hy in die hemel waarheen Hy opgevaar het en wat maak Hy hier op die aarde waar ons is?

In hierdie aanmeld van mense wat God se agente en agentskappe wil wees – is die hemel en aarde eintlik Christusloos!

Dit, terwyl Jesus aankondig dat Hy as Christus nou God met ons is en hy opgevaar het na die hemel sodat Hy wat mens is in God self en by God self nou die wyse is wat God God is soos hy God is.

6. Kom ons kyk eers hoe Jesus Christus God se wil in die hemel, in God self ,laat geskied. Die wil wat Christus in die hemel net soos op die aarde laat geskied, is nie die voorsienige wil van God waar deur Hy alles laat gebeur volgens sy beskikking nie.

Dit is die belangrike ontdekking!

Wat is hierdie wil wat Christus in die hemel laat geskied net soos Hy dit op die aarde laat geskied? Dit is die Tien Gebooie! Dit is die wil van God oor hoe ons Hom en ons naaste moet liefhê. Dit is die wil van die Vader wat Christus in die hemel en op die aarde op presies dieselfde wyse laat werk!

Kom ons vergelyk dit met kinders en ouers! Ouers moet besluit oor vir wie en waar hulle gaan werk, wat hulle met hulle inkomste maak, oor watter huis hulle gaan koop en oor die onderhoud van die huis. In hierdie beskikking van huis, voedsel mediese sorg en sekuriteit het die kinders geen inspraak of medeseggenskap nie. Ouers neem nie hierdie besluite deur hulle kinders nie en voer ook nie hierdie besluite deur hulle kinders uit nie. Hierdie besluite neem hulle in, deur en tot hulle self.

Wat hulle vir hulle kinders wil, is dat hulle kinders hulle sal liefhê en gehoorsaam wees, want in deur hulle liefde en gehoorsaamheid gaan die ouers hulle opvoed en vorm tot diens.

Die wil waardeur ouers voorsien en sorg is 'n ander wil as die wil waarin hulle van hulle kinders liefde en gehoorsaamheid vra.

Christus laat ons gehoorsaamheid vir God in die hemel en op die aarde volkome wees

Die wil wat van die Vader wat Christus in die hemel op dieselfde wyse was op die aarde laat werk, is die Here se wil vir ons in sy Tien Gebooie, opgesom in die liefdesgebod deur Jesus Christus self.

7. Hoe laat Jesus Christus die Vader se wil oor hoe ons Hom moet liefhê op dieselfde wyse in God en op die aarde self werk?

Dit kondig Paulus in Romeine 8 verse 31 tot 39 aan. In hierdie gedeelte verkondig Paulus hoe het Christus aan die regterhand van die Vader, alle mag in hemel en op aarde en hoe is Christus God met ons in hemel en op aarde. Hierdie is die wyse waarop God sy wil vir hoe ons moet leef in die hemel en op die aarde laat geskied.

- In die hemel, in God self en op aarde, maak Christus dat God nooit weer teen ons kan wees vir die wyse waarop ons vir God leef en gehoorsaam nie, maar dat God altyd vir ons is. Christus laat God die Vader se wil oor hoe ons moet leef in God en met ons op aarde so geskied, dat God nooit teen ons draai oor ons lewenswyse nie maar altyd met ons vir ons Vader is in ons gehoorsaamheid aan God. Rom.8:31
- In die hemel, in God self en ook met ons op aarde, lewer God die Vader ons nooit weer uit aan sy oordeel oor ons sondes en tekortkominge nie, omdat die Seun aan sy regterhand vir ons die oorgelewerde en uitgelewerde vir ons sondes was. Daarom skenk God aan ons alles om aan Hom gehoorsaam te kan wees. Hy skenk ons die heiligheid, smetloosheid en onberispelikeheid van Christus omdat Christus vir ons uitgelewer was as die onheilige, besmette en berispelike sondaar in ons plek. Só laat die Vader sy wil in die hemel en op aarde vir ons geskied, deur Christus. Rom. 8: 32
- In die hemel, in God self en met ons op aarde, kla God die Vader ons nooit weer aan vir oortredings en tekortkominge nie. Hy maak ons reg en laat ons reg wees vir waarvoor ons aangekla moes gewees het. Só laat Hy sy wil hemel en op aarde geskied deur Christus. Rom. 8: 33
- In die hemel, in God self, is Christus nie die Een wat ons veroordeel vir wie ons is en wat ons doen nie, hy is die Een wat vir ons intree met sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding en ons daarby insluit. hy veroordeel ons nie maar verenig ons met wie Hy vir ons in ons plek as sondaar was. So is Christus vir ons in die hemel aan die regterhand van die Vader en ook op die aarde ons Voorspraak. Rom. 8:34
- Daarom laat Christus ons in die hemel en op die aarde altyd ingesluit wees, gekoester wees en deel wees van die liefde van God die Vader, sodat ons gehoorsaamheid met al die foute, gesukkel en tekortkominge in ons liefde

Christus laat ons gehoorsaamheid vir God in die hemel en op die aarde volkome wees

nooit iets anders kan wees as gehoorsaamheid binne 'n onskeidbare liefde wat die Vader vir ons het nie. Rom. 8: 37 39.

- Daarom leef ons in die geloof in Christus dat Hy God die Vader se wil volgens sy Gebooie, vir ons altyd die wil maak waarin ons gebroke, halwe, skewe en onvolkome liefdes vir God, vir God die Vader altyd die volkome liefde van sy kinders is. Christus laat ons gehoorsaamheid en liefde vir God in die hemel en op die aarde, oorvloedige geregtigheid Mat. 5: 20 en volmaakte gehoorsaamheid wees. Mat. 5: 48

8. Wanneer ons in die geloof in Christus sy Vader vra dat Hy vir ons die Tien Gebooie op dieselfde wyse hier op aarde sal laat werk en geld soos wat Hy die Tien Gebooie aan die regterhand van God die Vader vir ons laat werk, berus ons in die absolute en soewereine voorsienige wil van God, in die hemel en op die aarde.

Ons sien nooit ons gehoorsaamheid aan God as 'n manier waarop ons agentskappe verkry en bedryf vir God se voorsienige wil op aarde nie. Ons glo dat God in Homself, deur Homself en tot Homself alles wat Hy in hemel en op aarde laat gebeur deur sy eie absolute en soewereine wil self uitvoer, en nie deur ons en ons gehoorsaamheid nie.

Dit is die besondere van hoe ons berus in God se voorsienige wil waardeur Hy alles uitvoer wanneer ons in die geloofsekerheid leef dat in en deur alles laat Christus ons God se volkome gehoorsame kinders wees!

Daarom verklaar Paulus dat ons meer as oorwinnaars is in besluite en planne wat God uitvoer waarin ons moet ly, benoud is, vervolgt word, honger is, naak is, in gevaar gestel word en met geweld bedreig word, omdat dit doodeenvoudig net die posisie is waarin God se planne en besluite met die wêreld en mense ons plaas. Want is al hierdie ontberinge weet ons dat ons gehoorsaamheid aan God is en bly deur Christus vir God die vader volkome gehoorsaamheid wat Hy vir Homself reg maak en reg laat wees.

Dit is nie ons ongehoorsaamheid wat hierdie ontberinge oor ons bring nie, maar God se besluit en planne in die hemel wat hyself op aarde laat gebeur.

Daarom kan Paulus in hierdie geloof dat Christus die Vader se wil laat geskied, verklaar dat terwyl God lewe en dood beskik vir ons, terwyl God oor alle magte in die hemel en aarde besluit soos Hy wil en dit gebruik soos Hy wil, terwyl God alle dinge wat nou en die in toekoms bewerk en laat gebeur en in en deur alle hoogte en dieptes van die skepping besig is om sy sy eie raadsplan absoluut en soewerein deur te voer, niks ons van die liefde waarby Christus ons insluit kan skei nie, en ook ons liefde vir die Vader volkome laat wees.

Christus laat ons gehoorsaamheid vir God in die hemel en op die aarde volkome wees

Daarom vra ons God nooit om vir agentskappe waardeur ons sy wil op aarde vir onself en ander mense anders kan maak en anders kan laat verloop as hoe dit dit laat gebeur nie. Ons vra dat Christus ons in en deur alles wat God volgens sy raadsplan op aarde laat gebeur, sy volkome kinders sal laat bly binne sy liefde as ons Vader. Só sal en kan ons Hom deur al sy soewereine beskikkings gehoorsaam bly.

Daarom bid ons met die bede: “Laat U wil ook op die aarde geskied soos in die hemel”, laat U Tien Gebooie vir ons so op die aarde werk soos U dit in die hemel laat werk, dat ons deur alles wat U met ons en die wêreld laat gebeur, in U volkome liefde leef terwyl ons weet ons liefde is vir U volkome.

9. Kan U sien hoe geweldig anders dit is om die Vader te bid dat Christus vir ons die Tien Gebooie in die hemel en op aarde dieselfde sal laat werk, as wanneer ons by God aansoek doen vir agentskappe om die agente te wees waardeur Hy alles wat Hy vir die wêreld en mense beplan en besluit, deur ons laat gebeur?

In die gebed is ons ons kinders van die Vader, maar in die aansoek dat Hy sy wil deur ons sal laat werk, is ons God se agente vir sy kliënte. Dit is die nuwe geestelikheid van kerke wêreldwyd. Ons prewel aansoek om God se agente te wees asof dit gebede is, maar in hierdie geprewelde aansoek gebeur totaal iets anders as in ons gelowige gebede.

- In hierdie geprewelde aansoek om God se agent te wees, moet mense tot 'n totale oorgawe aan God kom. Hierdie verklaring van 'n totale oorgawe aan God beteken dat jy verklaar dat jy nooit weer jou eie wil, eie persoon, eie karakter, ene mening, eie opvatting en lewe sal hê nie en nooit weer eie besluite sal neem nie. Dit is hoe geestelikes hierdie sogenaamde “totale oorgawe” aan God om een van sy agente te word voorhou.
- Die wyse waarop jy jou agentskap van God bedryf sodat Hy sy besluite en planne vir jou en ander mense se lewe deur jou uitvoer, is deur vriendelike kliëntediens. Geestelikes noem dit 'n intiem persoonlike verhouding. Dit werk dan net soos met 'n restauranteienaar. Deur jou intieme persoonlike verhouding met hom, is jy verseker van voorsorg behandeling. Net so glo hierdie geestelikes dat hulle persoonlike intieme geestelike verhouding met jou, gee jou by God voorkeurbehandeling en kan jy God se plan vir en met jou lewe in en deur hulle verander. God sal vir jou net vrede, voorspoed, geluk, welvaart en gesondheid deur hulle gee.
- Hierdie geestelike agentskappe en agente werk dan net soos al die konsessies waarmee die gewone lewe werk. Elke keer as 'n konsessie nie uitwerk soos hulle sê nie, los hulle jou in die gemors en verander hulle net gou-gou die konsessie. Dit is hoe die NG Kerk hulle self sien en voorhou as

Christus laat ons gehoorsaamheid vir God in die hemel en op die aarde volkome wees

God se agentskap met die geestelikes as God se agente. Eers kom die geestelikes en hou apartheid as God se konsessie voor. As jy nie dit as God se plan en besluit aanvaar nie, dan gaan jy deur die Kommuniste in oorlog, armoede, honger en ellende gedompel word. Aanvaar jy hierdie plan en besluit as God se besluit gaan almal, in vrede, geluk en voorspoed leef wat God sal gee deur sy “agente” en “agentskappe”. Wanneer hierdie konsessie dan misluk, dan verander al die agente gou-gou hulle konsessie na “God see versoening” toe. Nou glo presies hier dieselfde mense dat hulle weer God se nuwe pla en besluit vir geluk, vrede en voorspoed vir mense bewerk. En toe hierdie konsessie misluk, toe vernader hulle dit weer na “missionale kerkwees”. Nou is dit weer hierdie nuwe konsessie waarmee hulle jou God se vrede, geluk en voorspoed in jou lewe sal gee.

- Maar elke keer doen hulle dit op dieselfde wyse! omdat hulle konsessie God se plan en besluite hier op aarde laat gebeur, moet jy alles doen en sê soos hulle vir jou voorskryf. Want hulle werk met God se plan en besluite vir jou lewe. In hulle planne en besluite mag jy nooit jou eie mening hê, jou eie besluite neem, jou eie oortuigings vorm en uitleef anders as hulle plan en besluite van God vir jou lewe nie. Doen jy dit is jy volgens hulle iemand wat nie God se plan en besluite in jou lewe erken nie. Misluk hulle agentskap vir God, hou hulle jou egter verantwoordelik daarvoor dat jy geglo het hulle gee jou God se plan en besluite in jou lewe, en moet jy dan die sonde bely dat jy nie vir jouself gedink, beplan en besluit het nie.
- In hierdie godsbedrywe waarin hulle vir God al sy planne en besluite op aarde uitvoer, is Jesus self met niks besig nie, nie in die hemel nie en ook nie op die aarde nie. Jesus is net die konsessiehouer vir alles wat God is en doen. Daarom moet jy altyd alles net in sy Naam doen, bedoelende dat Jesus die handelsmerk is waarin jy alles doen, net soos 'n restaurantbestuur alles self doen, maar net onder die naam van byvoorbeeld “Wimpy.”

10. Hoe bid ons “Laat U wil geskied soos in die hemel so ook op die aarde”? bid ons dit as kinders van God die Vader of as God se agente en kliënte?

As kinders van God die Vader aanbid ons Jesus Christus as Here deur sy Vader te vra dat sy Seun sy Tien Gebooie op dieselfde wyse sal laat werk in die hemel en op die aarde, dat hy in Christus in die hemel en op die aarde,

- Nooit teen ons nie maar altyd God vir ons sal wees met ons gebroke gehoorsaamheid, in voorspoed en teenspoed soos Hy dit beskik.
- Nooit ons sal veroordeel vir ons halwe liefde nie, maar altyd ons liefde heilig, onbesmet en onberispelik vir Hom sal laat wees, in oorlog en vrede soos Hy dit besluit.

Christus laat ons gehoorsaamheid vir God in die hemel en op die aarde volkome wees

- Nooit ons sal aankla vir ons skewe gehoorsaamheid nie, maar ons vir Hom sal regmaak en reg laat wees, in armoede en welvaart soos Hy dit beplan.
- Nooit sal verwerp vir ons ontoereikende liefde nie, maar sal bewerk dat niks ons van sy liefde skei nie, in vryheid en onderdrukking, soos Hy dit wil.

Waar Christus só die Vader se wil laat geskied, kan ons vir God sy gehoorsame kinders wees.

Daarom bid ons terselfdertyd met hierdie bede: “lewer ons nooit uit aan hulle wat vir U as agentskappe en agente U goddelikheid vir ons wil bedryf nie; bewaar ons van hierdie Christuslose hemel en aarde waarin hulle glo hulle bedryf U planne en besluite op aarde.